View metadata, citation and similar papers at core.ac.uk
brought to you by CORE
provided by Koers (E-Journal)

# Waarderingswoord: Annette Louise Combrink

Vir meer as vyf-en-twintig jaar was Annette Combrink ten nouste gemoeid met die bestaan (en selfs voortbestaan) van *Koers*. Haar naam verskyn vir die eerste keer op die naamlys van die redaksie in die eerste uitgawe van 1981, waar sy die subredakteur was. Van 1984 tot 2004 was sy hoofredakteur en in 2005 verskyn haar naam weer as verteenwoordiger vir Lettere. Vir meer as 'n kwart eeu het sy dus 'n besondere bydrae gelewer om die blad telkens uit te bou en om die administrasie en keuringsprosedure so glad moontlik te kan laat verloop – die voortbestaan van *Koers* is geweldig baie dank aan haar verskuldig. Dit is dus eintlik vanselfsprekend dat 'n spesiale uitgawe van *Koers* aan haar opgedra word, om op dié manier dankie te sê vir 'n bydrae waarsonder *Koers* nie sou gewees het wat dit vandag is nie. Dit is vir my 'n persoonlike voorreg om hierdie woord van waardering te skryf. Ons het saam in 1981 op die redaksie begin dien. Vir die hele periode wat sy redakteur was, was ek subredakteur, 'n posisie wat weens haar werk en ywer veel minder gevra het as wat die naam impliseer. Ons ken mekaar egter al veel langer. In 1976 het sy die *abstract* van my proefskrif taalkundig versorg, en deur die jare die Engels van talle artikels en voordragte van my nagesien, waardeur sy dalk iets meer van Teologie geleer het, maar ek veel meer van goeie Engels.

Hierdie is nie die plek om 'n volledige oorsig oor Annette se loopbaan en prestasies te gee nie. Tog moet iets daarvan vermeld word, juis om aan te toon dat sy as uiters bekwame akademikus in eie reg, uitmuntend gekwalifiseerd was om die akademiese leiding te gee wat *Koers* baie nodig gehad het toe sy hoofredakteur geword het. Haar akademiese bekwaamheid is aangevul deur die vermoë om dinge met meer as 'n bekwame spoed te doen – dit het bygedra dat die publikasie van *Koers* altyd vlot verloop het. Nadat sy aan die Hoërskool Vereeniging gematrikuleer het (waar sy hoofmeisie en duxleerling was), het sy aan die toenmalige Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys gestudeer, waar sy die grade B.A., B.A. Honneurs (Engels) en M.A. (Engels), almal met lof, verwerf het. Sy het in 1979 gedoktoreer met 'n proefskrif getiteld *Comedy in the seventies: a study of certain plays by Harold Pinter*. In 1971 het sy ook 'n Hoër Onderwysdiploma aan UNISA voltooi. Nadat sy vier jaar lank skoolgehou het, is sy in 1972 benoem as lektor in die Departement Engels aan die PU vir CHO. Sy het in 1987 professor en hoof van die departement Engels geword. Haar

bestuursvaardighede is nie net erken deur die benoeming as departementshoof nie, maar verdere benoemings in dié verband het gevolg. Van 1994-2000 was sy adjunk-dekaan van die Fakulteit Lettere, van 1998-2000 direkteur van die Skool vir Tale en van 2000 af dekaan van die Fakulteit Lettere, totdat sy in 2004 kampusrektor geword het van die Potchefstroomkampus van die Noordwes-Universiteit.

As akademikus het sy alles gedoen wat van 'n uitnemende akademikus verwag sou kon word – 43 meestersgraadstudente en 16 doktorsgraadstudente het hulle studie onder haar leiding voltooi. Haar publikasies sluit talle hoofstukke in boeke en meer as 40 artikels in geakkrediteerde tydskrifte in. Sy het meer as twintig voordragte gelewer by nasionale vakkonferensies en bykans twintig by oorsese konferensies. Sy het op die bestuur gedien van etlike akademiese vakverenigings, met verskeie termyne as voorsitter van onder andere die Committee of Professors of English of Southern Africa (voorsitter:1990-1993) en die Association of University English Teachers of Southern Africa (voorsitter:1989, 1996-1998), om net twee te noem. Sy was op 'n wye front betrokke by nasionale en internasionale vakverenigings, by verskillende komitees op inter-universitêre vlak in Suid-Afrika, asook met talle sake wat verband hou met die samesmelting wat gelei het tot die ontstaan van die huidige Noordwes-Universiteit. 'n Mens sou kon voortgaan om hierdie lys vir bladsye lank uit te brei, maar bostaande is meer as voldoende om aan te toon dat Annette 'n besondere loopbaan in die akademie gehad het, dat sy op talle terreine leiding geneem het en dat haar insette dikwels van fundamentele belang was.

By alles wat hierbo genoem word, gaan dit hier veral oor die besondere waardering vir haar bydrae oor 'n lang periode tot die uitbouing en publikasie van *Koers*. Ons wat saam met haar op die redaksie gedien het, het altyd geweet dat die sake van *Koers* in bekwame hande is. Sy doen dinge en sy doen hulle vinnig. Haar leermeester, by wie sy baie geleer het en vir wie sy altyd 'n besondere agting gehad het, prof. Jan Venter van Engels, het haar nie verniet "corner-cutting Combrink" genoem nie. Sy kon altyd die kortpaadjies vind om dinge vinnig en effektief te laat gebeur. Ons het dus nooit baie gereeld vergaderings van die redaksie gehou nie, omdat sy gesorg het dat die organisasie van so 'n aard was dat sake vlot verloop het. Wat ons wel goed sal onthou en wat ons nooit nagelaat het nie, is die jaarlikse geleentheid waar die redaksie by haar en haar man, Don Loots, kon kuier. Hierdie jaarlikse partytjie was altyd 'n groot sukses, en hulle gasvryheid iets wat ons besonder geniet het. Haar vriendskap, haar besondere liefde vir haar en Don

se agt kinders en hulle kleinkinders, haar lojaliteit en haar geloof is uitstaande eienskappe wat van haar ŉ besondere kollega en vriendin maak.

Namens die redaksie en die lesers van *Koers*, ŉ besondere woord van dank vir Annette se bydrae tot die tydskrif oor baie jare. Mag hierdie besondere uitgawe iets van ons dank verwoord en vir haar ŉ mooi herinnering bly op haar pad vorentoe.

**H.F. (Herrie) van Rooy**